

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 16 Jul 2018
Page: 19

AVE: 16288.89
Circulation: 35934
Part: 1 of 1



**Ine-Marí Venter maak seker Tshwane se telbord bly aan die rol in Saterdag se eindstryd teen Mangaung in Port Elizabeth.**
Foto: REG CALDECOTT

# Tshwane se Jenny lei span na sege

**Annchen Nel**

Terwyl die spelers Vrydagaand 'n blaaskans gehad het en die spelersonthaal kon geniet, was Jenny van Dyk in haar hotelkamer.

Dié afrigter van Tuks en Tshwane se A-netbalspan het weer gaan kyk na vroeër vandeesmaand se eindstryd van die Ussa-studentetoernooi.

Haar Tuks-span het die Kovsies toe in 'n koue Bloemfontein met 48-30 geklop, maar sy wou seker maak sy mis niks wat die Bloemfonteiners dié keer na haar span se kant kon gooi nie.

Dié harde werk en aandag aan detail het vrugte afgewerp, want Tshwane het die Kovsies – in die Suid-Afrikaanse toernooi in Port Elizabeth in die gedaante van Mangaung – Saterdag in die eindstryd gemaklik met 47-34 geklop.

In die eindstryd was dit Tshwane wat van meet af aan die septer geswaai het.

Die Pretorianers het ná die eerste kwart met 13-10 voorgeloop, met die rustyd met 25-17 en ná die derde kwart met 38-24.

Ine-Mari Venter (doel) was koelkop onder die doelpaal terwyl Lungile Mthembu (verdedigende vleuel), Shadine van der Merwe (hulpdoelverdediger) en Jasmine Ziegelmeier (hoofverdediger) aan die ander kant van die baan die Mangaung-aanval aan bande gelê het.

Tshwane se o.21-span het ook koning gekraai deur die Kaapse Wynlande met 55-47 geklop.

Die Bloemfonteiners se senter Khanyisa Chawane is as die beste senterbaanspeler én die Speler van die Toernooi aangewys. Venter was die voorste doelskieter.

Die Kaapse Wynlande het vierde geëindig, maar daar was 'n troosprys toe hul kaptein, Juline van der Merwe, as die voorste verdediger aangewys is.

■ Pamela Chukwu van Tshwane was die voorste speler en beste verdediger in die o.21-toernooi. Haar spanmaat Venetia Grobler is as die Doel van die Toernooi aangewys en Adri Uys van die Wynlande as die beste senterbaanspeler.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.